VOORSTEL VIR OPTREDE:
2 - 11 Maart 2012

SLUITINGSDATUM:
15 AUG. 2011

ALGEMENE INLIGTING EN VOORWAARDES

Wie moet hierdie vorm voltooi?

As jy oorweeg wil word vir 'n uitnodiging om by die US Woordfees op te tree, moet jy hierdie vorm volledig invul en saam met die verlangde dokumentasie indien voor die sluitingsdatum.

Balans in die feesprogram

Die US Woordfees stel 'n gebalanseerde program saam waarin verskeie aspekte soos oorspronklikheid, vernuwing, die profiel van kunstenaars en feesgangers, vraag en aanbod binne die verskillende kunsgenres, artistieke meriete en taal, 'n rol speel. Die US Woordfees behou die reg voor om kunstenaars te nooi of om produksies te ontwikkel wat nie noodwendig ingeskryf word nie.

Vergoedingspakket

Voorstelle wat aanvaar word, sal as 'n variasie op een van die volgende vergoedingspakkette aangebied word:

1. Fooi *(by uitsondering)*
2. Winsdeel

Verskeie faktore beïnvloed die finale samestelling van die vergoedingpakket, waaronder: omvang, verblyf, vervoer, kaartjiepryse, status van kunstenaars, ens.

Befondsing

Die US Woordfees befonds net pre-produksiekoste van enkele optredes wat in opdrag van die US Woordfees geskep word.

Omvang van program

Sowat 180 optredes sal vir US Woordfees 2012

aanvaar word.

Vervaardigerstantieme

Waar en indien die US Woordfees 'n bydrae maak tot pre-produksiekoste, neem hy 'n vervaardigerstantieme bereken op bruto inkomste vir 'n periode van drie jaar. Die persentasie word bepaal deur die omvang van die US Woordfees se bydrae. Hierdie tantieme word bereken as 'n vasgestelde fooi per optrede of speelvak.

Skedulering

Die US Woordfees stel die finale skedulering vas op grond van individuele onderhandelings. Dit is belangrik om jou optrede se voorkeurdatums korrek deur te gee en aan te dui wie in jou span (tegnici en musici ingesluit) by ander optredes betrokke is.

Ontvangserkenning

Alle voorstelle ontvang 'n elektroniese ontvangserkenning teen 1 September 2011. Die US Woordfees aanvaar geen verantwoordelikheid vir voorstelle wat in die pos wegraak nie.

Veranderinge

Enige veranderinge op hierdie vorm moet skriftelik vir die aandag van US Woordfees deurgegee word by fees@sun.ac.za.

WOORDtroFEES, moontlik gemaak deur die ATKV

Sekere optredes by die US Woordfees word deur 'n paneel beoordeel en kom outomaties in aanmerking vir die WOORDtroFEES. Pryse (bestaande uit kontant en 'n beeldjie of sertifikate) word in verskillende kategorieë toegeken.

Opvoerregte

Dit is elke optrede se verantwoordelikheid om opvoerregte met DALRO en/of SAMRO uit te klaar. Dui die koste-implikasie hiervan op jou begroting aan.

Komplimentêre kaartjies

Die US Woordfees maak voorsiening vir 'n aantal komplimentêre kaartjies per venue, vir eie en gebruik deur die media en borge. Waar komplimentêre sitplekke nie benut word nie, word dit voor vertonings weer te koop aangebied.

Komplimentêre kaartjies hanteer deur kunstenaars

Winsdeelproduksies: Kunstenaars kan soveel kaartjies trek soos benodig teen 'n fooi bereken deur Computicket.

Fooi-produksies: Kunstenaars reël direk met die feeskantoor en slegs 'n beperkte hoeveelheid kaartjies is beskikbaar.

Publisiteit en bemarking

Elke optrede is vir sy eie publisiteit en bemarking verantwoordelik, wat ondersteun sal word met algemene bemarking en publisiteit deur die US Woordfees. Die US Woordfees aanvaar egter geen verantwoordelikheid vir die verskaffing van enige bemarkingsmateriaal aan optredes nie. Die US Woordfees sit geen plakkate of baniere vir produksies op nie.

Navrae

Rig navrae gedurende kantoorure aan:

Eduard Rosenstrauch

Tel: 021 808 3513 of fees@sun.ac.za

SPERDATUMS

Die volgende sperdatums is van toepassing op keuring en skedulering:

15 Aug. 2011	**Sluitingsdatum vir indien van voorstelle**
1 Sept. 2011	**Ontvangserkennings word uitgestuur**
14 Okt. 2011	**Uitslag van programsamestelling bekend**
31 Okt. 2011	**Inligting vir feesgids ingedien**

ADRES VIR AFLEWERING

Geen gefakste voorstelle sal oorweeg word nie. E-pos, pos of koerier jou voorstel na een van die volgende adresse:

E-pos: fees@sun.ac.za	**Koerier:**
Pos:	**US Woordfees**
US Woordfees	**Lettere-gebou**
Dept. Afr. & Ndl.	**Universiteit Stellenbosch**
Privaatsak X1	**h/v Merriman en Ryneveldstraat**
Matieland	**Stellenbosch**
7602	**6de vloer, Lokaal 615**

© US Woordfees

VOORSTEL VIR OPTREDE:
2 - 11 Maart 2012

SLUITINGSDATUM:
15 AUG. 2011

KONTAKBESONDERHEDE

1. Wat is die titel van jou voorgestelde optrede?

2. Wat is die naam van jou produksiehuis/groep/geselskap?

3. Verskaf 'n omskrywing van maksimum 50 woorde waarin jou aanbieding aan die publiek bekendgestel word.

4. Wat is die besonderhede van jou kontakpersoon?

(Jou kontakpersoon dien as skakel tussen jou optrede en die US Woordfees en moet maklik bereikbaar en in staat wees om besluite te neem. Die US Woordfees kommunikeer elektronies en daarom moet die kontakpersoon oor 'n e-posadres of faksnommer beskik.)

Voornaam:		Van:	
Tel. (bedags):		Tel. (saans):	
Faks:		Selfoon:	
E-pos:		Dorp / Stad:	

BESONDERHEDE VAN VOORGESTELDE OPTREDE

1. In watter kategorie val jou voorgestelde optrede?

1.1 Skrywersfees: ☐ **(Voltooi slegs vrae 1, 3 en 23, sowel as die afdeling TEGNIESE OMVANG.)**

1.2 Woord-ure: ☐

1.3 Musiek – Kontemporêr: ☐

1.4 Musiek – Klassiek: ☐

1.5 Sanlam Dramafees: ☐ Drama: ☐ Komedie: ☐

1.6 Koowee Kinderteater: ☐

1.7 Woordmusiek ☐

1.8 Kabaret en Konsert ☐

1.9 Diskoers ☐

1.10 Ander: ☐ Verskaf benaming:

2. Watter van die volgende is van toepassing op jou voorgestelde optrede? ***(Kies net een opsie.)***

Professioneel ☐ Gemeenskapsteater: ☐ Studenteteater: ☐ Amateurteater: ☐

3. In watter taal (tale) word jou voorgestelde optrede aangebied?

© US Woordfees

4. Wie is die teikengroep van jou voorgestelde optrede?

(Kies net een opsie: "gesin" sluit jeug en kinders in, terwyl "volwasse" kinders uitsluit, maar "jeug" kan insluit na gelang van die voorgestelde ouderdomsperk.)

Gesin: ☐ Volwasse: ☐ Jeug: ☐ Kinders: ☐

5. Indien jou voorgestelde optrede vir 'n volwasse gehoor bedoel is, watter ouderdomsperk stel jy voor?

Geen o/10: ☐ Geen o/12: ☐ Geen o/14: ☐ Geen o/16: ☐ Geen o/18: ☐

Wat is die rede waarom jy 'n ouderdomsperk voorstel?

Diviniteit: ☐ Geweld: ☐ Naaktheid: ☐ Seks: ☐ Taal: ☐ Vooroordeel: ☐ Ander: ☐

Die inhoud van my vertoning is van so 'n aard dat klein kindertjies wat 'n steurnis veroorsaak, ander feesgangers sal steur: ☐

Indien Ander, omskryf asb. die aard van die sensitiwiteit:

☐

6. Hoe lank is jou voorgestelde optrede?

Optrede: ☐ min. + Pouse: ☐ min. = Totale duur: ☐ min.

6.1 Hoeveel tyd benodig produksie om in te trek voor eerste vertoning? ☐ min.

6.2 Hoeveel tyd benodig produksie vir intrek (nie eerste vertoning)? ☐ min. Aftakel na vertoning? ☐ min.

7. Sal jou voorgestelde optrede by die US Woordfees debuteer?

Ja: ☐ Gaan na vraag 11 Nee: ☐ Gaan na vraag 8

8. Verskaf volledige besonderhede van vorige speelvakke:

Datum	Lokaal / Fees	Stad/Dorp	Aantal optredes

9. Verskaf besonderhede van enige toekennings ontvang:

Datum	Instansie	Titel van toekenning

10. Persvrystelling / Resensie

Heg 'n resensie(s)/ persvrystelling van jou optrede aan, indien beskikbaar.

11. Bestaan daar 'n formele teks vir jou produksie?

Ja: ☐ Gaan na vraag 12 Nee: ☐ Gaan na vraag 14

12. Is dit 'n nuutgeskepte teks?

Ja: ☐ Nee: ☐

Naam van skrywer: ☐

13. Is jou teks 'n verwerking of 'n vertaling van 'n bestaande werk?

Vertaling: ☐ Verwerking: ☐

Titel van die oorspronklike werk: ☐

Oorspronklike skrywer: ☐

Naam van verwerker/vertaler: ☐ ***Heg klaring van Dalro aan***

© US Woordfees

14. Bevat jou voorgestelde optrede enige musiek?

Ja: ☐ Gaan na vraag 15 Nee: ☐ Gaan na vraag 17

15. Is enige gevestigde musiekkunstenaar deel van jou voorgestelde optrede?

Ja: ☐ Nee: ☐

⬇ Indien van toepassing, wat is die titels van die CD's?

Titel van CD

16. Sluit jy 'n CD met van die musiek wat jy beplan om in jou voorgestelde optrede te gebruik by jou aansoek in?

Ja: ☐ Nee: ☐

17. Wie is die regisseur van jou voorgestelde optrede?

18. Hoeveel persone is daar in die geselskap van jou voorgestelde optrede?

Mans: ☐ **Vroue:** ☐ **Kinders:** ☐ **Totaal:** ☐

19. Hoeveel gevestigde en opkomende kunstenaars is daar in jou geselskap?

Die US Woordfees is 'n kunstefees vir professionele optredes, met wêreldklas gehalte 'n voorwaarde, wat ook geleenthede vir opkomende kunstenaars met spesiale projekte skep. Die US Woordfees doen ook 'n beroep op professionele produksiehuise om opkomende kunstenaars en integrasie in die samestelling van geselskappe te oorweeg.

Gevestig: ☐ **Opkomend:** ☐

20. Verskaf 'n naamlys van die lede van jou geselskap en dui aan in watter kapasiteit elkeen moontlik betrokke is. Onthou om ook jou produksiespan en ondersteuningspersoneel hierby in te sluit.

Voornaam en van	Betrokkenheid	Ander produksies

21. Motivering

Heg 'n motivering oor hoekom jou voorgestelde optrede by die US Woordfees ingesluit moet word, by jou voorstel aan.

22. Begroting

Heg 'n volledige begroting vir jou voorgestelde optrede by jou voorstel aan. Maak voorsiening vir alle moontlike uitgawes – ook reis, verblyf en stelvervoer. Gee soveel as moontlik detail in jou begroting. Stel jou begroting op om vir die volgende afdelings voorsiening te maak: pre-produksie, repetisie, speelvak by die US Woordfees, administrasie, bemarking, reis, verblyf en etes. 'n Begroting in hierdie formaat gee aan ons 'n idee van wat dit sal kos om jou optrede na die US Woordfees te bring en vorm die basis van verdere onderhandelings, indien enige.

23. Reis en verblyf

Indien van toepassing, hoeveel persone in jou geselskap benodig reis en verblyf? ☐ Reis van waar? ☐

24. Winsdeelopsie

Kontrakbepaling: Sou jy belangstel in 'n winsdeel-opsie? Ja ☐ Nee ☐

© US Woordfees

TEGNIESE OMVANG

1. Wat is die besonderhede van jou tegniese kontakpersoon?

Voornaam:		**Van:**	
E-pos:		**Selfoon:**	

2. Wat is die minimum optreespasie wat jou voorgestelde optrede benodig?

	m breed x		**m diep x**		**m hoog**

3. Het jy 'n voorkeurlokaal?

4. Watter van die volgende benodig jou voorgestelde optrede?

	Nee	**Ja**		**Verdere instruksies**
4.1 Klanktoerusting			➔	Heg 'n kort uiteensetting van toerusting benodig aan
4.2 Beligting			➔	Heg 'n kort uiteensetting van toerusting benodig aan
4.3 Multimedia / oudiovisueel			➔	Heg 'n kort uiteensetting van toerusting benodig aan
4.4 Klavier			➔	Regop: Vleuel:

5. Stelle

	Nee	**Ja**		**Verdere instruksies**
5.1 Het jou produksie 'n stel?			➔	Heg 'n verhoogplan aan
Indien Ja:				
5.2 Benodig jy ruimte om die stel te stoor?				
5.3 Het jy stelvervoer nodig?			➔	Van waar?